DIE AGS VAN SUID AFRIKA

Pastorale Brief

• 3de KWARTAAL 2019 •

DIE APOSTOLIESE GELOOFSENDING VAN SUID-AFRIKA NASIONALE KANTOOR
Gebou nr. 14, Central Office Park, Jeanlaan 257, Centurion,
Gauteng, Suid-Afrika
Posbus 9450, Centurion 0046
Tel: 27 12 644-0490
Faks: 27 12 644-0732/4
www.afm-ags.org
www.facebook.com/AFMOFSA/

SPESIALE UITGAWE:
AGS NASIONALE KONFERENSIE *GEWORTEL IN CHRISTUS*

Liewe Broers en Susters,

Groete in die lieflike en kosbare Naam van ons Here en Verlosser Jesus Christus. Hierdie week val die kollig op die 2019 AGS Nasionale Konferensie. Die konferensie het op 15-18 September by die Lighthouse Ministries in Parow (Kaapstad) plaasgevind. Die konferensie tema was gebaseer op Kolossense 2:6-7 "Gewortel in CHRISTUS". In hierdie Pastorale Brief besin ons oor enkele kernboodskappe wat tydens die konferensie gedeel is. Ek vertrou dat dit jou sal seën en bemoedig!

IN HIERDIE UITGAWE:

Bl 1 - GROETE
Bl 2-4 - GEWORTEL IN CHRISTUS: GEVESTIG IN ONS GELOOF
Bl 4-6 - GEWORTEL IN CHRISTUS: DIENSBAAR AAN ANDER
Bl 7-8 - GEWORTEL IN CHRISTUS: DIE SORG & BESKERMING VAN ONS GEMEENSKAPPE
Bl 8 - SLOT

GEWORTEL IN CHRISTUS: GEVESTIG IN ONS GELOOF

Past. M.G. Mahlobo (President van die AGS van SA) - mmahlobo@afm-ags.org

Die antieke stad Kolosse was in die omgewing van die antieke stad Laodisea en nie ver van Efese nie. Paul het ten tyde van die skryf van hierdie brief nog nie Kolosse besoek nie. Dit het waarskynlik begin vanweë sy bediening in Efese, wat byna oor twee jaar strek. Terwyl Paulus in huisarres en verhoorafwagtend in Rome was, het Epafras hom besoek. Epafras het Paulus ingelig oor die geestelike toestand van die Christene in Kolosse wat eens sterk in hul geloof was, maar nou kwesbaar geword het vir valse leringe (2:4, 8, 16, 18, 21-23). Hy het hierdie brief (Kolossense) geskryf om hierdie valse leringe te weerlê. Sommige van die kenmerke van die kettery (of "heresy") in Kolosse het te make gehad met die oppergesag van Christus, genoegsaamheid van ons verlossing in Christus en aanvullende dinge tot verlossing.

Oppergesag van Christus

Daar was 'n valse lering wat ontken dat God se volheid in Christus woon. Dit het probeer om die goddelike aspek van Jesus Christus te verlaag. Dit was 'n mengsel van Christendom, Griekse filosofie en Zoroastrianisme. Dit het onder andere geleer dat die geskape wêreld boos is en dat alle materie korrup is. Dit het gelei tot die gevolgtrekking dat Jesus se liggaam korrup was. Paulus reageer op hierdie lering in **Kolossense 1: 15-17**:"Die Seun is die sigbare uitbeelding van die onsigbare God. Hy is die Eerste van die hele skepping, omdat God alles deur Hom geskep het. Ja, alles in die hemel en op die aarde – die dinge wat gesien kan word en die dinge wat nie gesien kan word nie, of dit nou konings of heersers, regeerders of magshebbers is – álle dinge is deur Hom en vir Hom geskep. Hý was daar vóór alles, en in Hom word alles saamgebind." (NLV) en in **Kolossense 2:9**: "Die volheid van God is mos liggaamlik in Christus teen¬woor¬dig." (NLV)

Genoegsaamheid van ons Verlossing in Christus

Volgens die Kolossiese kettery (of "heresy") word die verlossing bewerkstellig deur geheime kennis (gnose) waardeur individue hulself, hul oorsprong en bestemming leer ken. Paulus se reaksie is in **Kolossense 2:10** waar hy sê:"...En omdat julle één is met Christus deel julle in sy volheid – Hy wat die hoof is van elke heerskappy en gesag." (NLV)

Aanvullings tot ons Redding

Die valse leraars wou die verlossing deur Jesus vervang met verskillende asketiese onthoudinge, Joodse rituele, aanbidding van engele, drome en visioene (sien Kolossense 2: 8-12 & 16-18). Die boodskap van Paulus aan hulle en aan ons is: "Terwyl julle Christus Jesus, die Here, ontvang het, wandel in Hom, **gewortel en opgebou** in Hom en gevestig in die geloof soos julle geleer is, in oorvloed met danksegging."

"Dit is wanneer ons geestelik volwasse word dat ons in staat sal wees om vals leringe en moeilike tye teë te staan..."

Die metafoor van wortels en die bou van strukture as verwysings na die Kolossiese heiliges, moet ons herinner aan die belangrikheid daarvan om in Christus geanker te wees. Die ontvangs van Christus en die doop moet gevolg word deur te groei tot die volle beeld van ons Here en Verlosser Jesus Christus. Dit is wanneer ons geestelik volwasse word dat ons in staat sal wees om vals

GEWORTEL IN CHRISTUS: GEVESTIG IN ONS GELOOF verv.

leringe en moeilike tye teë te staan - op dieselfde manier staan ons tans voor verskillende uitdagings. Sommige hiervan is materialisme, sekulêre humanisme en formalisme.

Materialisme

Materiële dinge, soos geld, is belangrik as 'n instrument om 'n doel te bereik. Daar is 'n neiging onder ons om materiële besittings en liggaamlike gemak belangriker te ag as ons geestelike waardes. Ek is nie daarteen om materiële dinge te koop met die oog op nut nie. My probleem is as dit gebed, nederigheid, om ander mense te dien en God te vereer (met die besittings wat God jou gegee het) vervang. Die lewe is belangriker as materiële rykdom. Die Here Jesus waarsku ons in **Lukas 12:15** en sê: "Pas op! Moenie gierig wees nie. Ware lewe word nie gemeet aan hoeveel ons besit nie." (NLV) Ons lewe moet Christus weerspieël. Ons moet altyd in gedagte hou dat ware bevryding kom uit geregtigheid en nie uit die rykdom wat ons het nie (Spreuke 11: 4).

"Ons lewe moet Christus weerspieël."

Sekulêre Humanisme

Hierdie frase word sedert die dertigerjare deur Anglikaanse priesters gebruik. Dit is 'n progressiewe lewensfilosofie wat ons vermoë en verantwoordelikheid aanmoedig om etiese lewens van persoonlike vervulling te lei - wat streef na die groter welvaart van die mensdom, sonder God of ander bonatuurlike oortuigings. Met ander woorde, dit is 'n omvattende nie-godsdienstige, lewenshouding. Tot op datum weet ek van vier manifeste wat in hierdie verband geproduseer is. Hulle is Humanist *Manifesto i (1933), Manifesto ii (1973), Manifesto iii (2003)* en *Manifesto iv (2017)*. In hul *Manifesto ii* het hul gesê dat: "... geloof in 'n gebedsverhorende God wat aanneem dat God leef en omgee vir persone, gebede hoor, verstaan en in staat is om iets daaraan te doen, 'n onbewese en verouderde geloof is. Die standpunt van die sekulêre humanisme rakende godsdiens kan opgesom word as volg: "Geen God sal ons red nie; ons moet onsself red."

Formalisme

Ons is 'n kerk met 'n missie om die Groot Opdrag uit te voer (Matteus 20: 18-20). Ons moet altyd ons 'wortels' onthou. Ons is 'n Bybel-gebaseerde kerk, ons bediening is Christus-gesentreerd en Heilige Gees gedrewe. Ons lidmate moet Jesus as Verlosser en Here ontvang. Hulle moet in water en in die krag van die Heilige Gees gedoop word. Hulle moet die Bybelse waardes van integriteit, aanspreeklikheid, konstruktiewe verhoudings en uitnemendheid handhaaf. Bo alles moet ons altyd onthou dat ons sendelinge is wat die Goeie Nuus van Jesus Christus dra. Ons moet waak teen formalisme.

"Ons is 'n Bybel-gebaseerde kerk, ons bediening is Christus-gesentreerd en Heilige Gees gedrewe. "

Formalisme is wanneer die werking van die Heilige Gees vervang word met menslike programme wat niks met die uitbreiding van die Koninkryk van God te doen het nie. Ons is formeel wanneer ons die bou van swembaddens in die kerke begin beklemtoon

GEWORTEL IN CHRISTUS: GEVESTIG IN ONS GELOOF verv.

ten koste van die doopfonte. Paul het 'n waarskuwing gegee in **2 Timoteus 3: 1-5** toe hy sê: "Jy moet ook dít weet, Timoteus, dat daar gedurende die laaste dae moeilike tye sal kom. Want mense sal net hulleself en hulle geld liefhê. Hulle sal grootpraterig en arrogant wees, met God spot, ongehoorsaam aan hulle ouers en ondankbaar wees. Hulle sal niks as heilig beskou nie. Hulle sal liefdeloos en onvergewensgesind wees; hulle sal ander mense belaster en geen selfbeheersing hê nie; hulle sal wreed wees en geen belangstelling hê in wat goed is nie. Hulle sal hulle vriende verraai, roekeloos wees, hooghartig, en hulle sal plesier liewer hê as vir God. Hulle sal optree asof hulle godsdienstig is, maar dit ontken wat aan die Christelike godsdiens sy krag gee. Jy moet wegbly van sulke mense af." (NLV)

Dit is my gebed dat ons nie net Christus sal ontvang nie, maar dat ons saam met Hom sal wandel, gewortel en opgebou in Hom, **gevestig in ons geloof** en oorvloedig met danksegging. Ons moet ons wortels verdiep deur gebed en leiding van diegene wat gewortelde Christelike lewens lei. Ons moet opgebou word in Christus deur die Woord (Bybel) en verhoudinge met ons broers en susters.

GEWORTEL IN CHRISTUS: DIENSBAAR AAN ANDER

Dr. Henri Weideman – (Algemene Sekretaris van die AGS van SA) - henri@afm-ags.org

Ek het 2 jaar gelede 'n appelkoosboom in my tuin geplant en was verheug om Augustus vanjaar bloeisels daarop te sien. Begin September het ek verskillende klein appelkose sien vorm - nou is ek seker dat dit inderdaad 'n appelkoosboom is! Ek het die vrugte herken. Het jy al ooit tussen vrugtebome gewandel en was jy onseker of dit 'n perske- of 'n appelkoosboom, 'n appel- of 'n peerboom, 'n lemoen- of 'n suurlemoenboom was? **Matteus 7:20** vertel dat ons 'n boom aan sy vrugte sal herken. Het jy geweet dat die vrug van 'n boom jou baie vertel van die wortels van die boom? Veral as dit 'n vrugteboom is.

Die areas in Suid-Afrika wat vrugte produseer, het groot boorde vol vrugtebome wat op 'n bepaalde wortelstok (of onderstok) geënt is. Om 'n boom in te ent, behels dat 'n jong loot of takkie van 'n bepaalde kultivar of tipe vrug, fisies op die wortelstok van 'n ander, maar soortgelyke spesie ingeplant word, sodat die twee dele saam kan groei tot een plant. Die proses van samevoeging van die twee verskillende variteite, moet verseker dat daar maksimum kontak tussen die laag net onder die bas (die kambium) van die twee dele - die wortelstok en die klein takkie, genoem die "bo-stok" is, sodat hulle suksesvol kan saamgroei.

Die wortelstok, of onderstok maak 'n groot verskil in die lewe van 'n vrugteboom: Dit bepaal die kwaliteit en krag van die nuut gevormde boom se wortelstelsel. Die onderstok word spesifiek gekies omdat dit sterk wortels het. Wortels wat die boom instaatstel om voedingstowwe op 'n meer effektiewe manier te absorbeer. Dit stel die boom instaat om droogtes beter te kan hanteer, asook om weerstand te kan bied teen wortelverotting en verskeie peste soos grondvirusse, snywurms en bakteriële infeksies. Dit maak ook 'n groot bydrae om die boom te anker, sodat dit kan vas bly staan in

GEWORTEL IN CHRISTUS: DIENSBAAR AAN ANDER verv.

tye van storms. Die wortelstok wat 'n wortelstelsel aan die boom voorsien, het ook 'n groot invloed op die hoeveelheid bloeisels wat die boom voortbring. Dit bepaal die kwaliteit en kwantiteit, sowel as die grootte, vorm en selfs die smaak van die vrugte wat die boom produseer. Wetenskaplike studies wys dat die wortels van die meeste bome 'n area beslaan wat twee tot vier keer so groot is as die deursnee van die boom se kroon. Dit beteken dat vir die meeste bome, as die wortelverspreiding klein is, die boom selfs nog kleiner sal wees. (Daar is natuurlik uitsonderings).
Om gewortel te wees in Jesus Christus, beteken dat ons anders sal groei. Ons sal geanker wees teen die storms en peste van die lewe. Ons sal vrugte

dra van 'n bepaalde vorm, grootte en smaak as ons vas en diep in Jesus gewortel is. As ons wortels in Jesus Christus egter klein en vlak is, sal die bome wat ons lewens verteenwoordig waarskynlik ook swak en klein wees. In **Johannes 15** praat Jesus oor die belangrikheid daarvan dat die takke van 'n boom gesnoei word, sodat dit beter vrug kan dra. Hy beklemtoon egter ook die belangrikheid van die wortels van 'n boom, en sê dat 'n tak geen vrugte kan produseer as dit nie verbonde is aan die hoofstam nie. Die hoofstam is op sy beurt verbind aan die wortelstelsel, wat die voeding en water voorsien wat benodig word om vrugte te produseer.

Psalm 1, sowel as Jeremia, Jesus en Paulus vergelyk ons met bome: **Jeremia 17:7-8 (NLV)** sê: "Gelukkig is die mense wat op die Here vertrou en hulle verwagting in Hom stel. Hulle is soos bome wat langs 'n rivier staan. Hulle wortels reik diep tot by die water. Hitte bedreig hulle nie en hulle blare bly groen. Lang maande van droogte pla hulle ook nie. Hulle hou nie op om vrugte te dra nie."

Jesus sê in **Johannes 15:4b (NLV)**: "'n Loot kan nie uit sy eie vrugte dra as dit nie aan die druiwestok verbind bly nie, en so julle ook nie as julle nie aan My verbonde bly nie." Hy is die wynstok, die hoofstam. Hy moet ons wortelstok wees. Ons moet al meer en meer in Hom gewortel raak. **Ons word dieper gewortel in Christus deur ons toenemende liefde vir God die Vader.** Deur Hom lief te hê soos wat Jesus Sy Vader liefhet. Hoe meer ons groei in liefde vir die Vader, hoe dieper sal ons gewortel wees in Jesus, want Hy en Sy Vader is Een. Ons word dieper gewortel in Christus as ons Hom deel met almal om ons. Dit is soos die wortelstelsel van 'n boom wat op 'n missie is om wyer en dieper te versprei. En, soos wat ons hierbo gelees het: Hoe verder en groter die wortelstelsel van 'n boom versprei, hoe groter word die deursnee van daardie boom se kroon. Hoe meer ons gewortel is in Jesus, hoe meer vrug sal ons dra. Die vrug van die Heilige Gees, wat ook die vrug is van die karakter en aard van Jesus.

GEWORTEL IN CHRISTUS: DIENSBAAR AAN ANDER verv.

Ons leer meer oor een van hierdie vrugte in **Johannes 13** waar Jesus Sy dissipels se voete was. In verse 12-17(NLV) lees ons die volgende: "Nadat Jesus hulle voete klaar gewas het, het Hy sy bo-klere aangetrek en weer aangelê by die ete. Hy sê toe vir hulle: Verstaan julle wat Ek vir julle gedoen het? Julle noem my Leermeester en Here, en tereg so, want Ek is dit. As Ek dan, wat julle Here en Leermeester is, julle voete gewas het, moet julle ook mekaar se voete was. Ek het vir julle 'n voorbeeld gestel, en soos Ek vir julle gedoen het, moet julle ook doen. Hoe waar is dit tog nie: 'n Slaaf is nie belangriker as sy eienaar nie en 'n gestuurde ook nie belangriker as die een wat hom gestuur het nie. As julle hierdie dinge insien en julle eie maak, sal julle geseënd wees as julle dit ook doen."

Die beginsel wat Jesus sy dissipels en ons as sy volgelinge leer, is nie soseer om voete te was nie. Hy sê nie jy moet elke Sondag, selfs in die 21ste eeu, die skoene van jou medegelowiges in die kerk uittrek en hul voete was nie. **Hy leer sy volgelinge die beginsel om ander te dien.** Om in Christus gewortel te wees is om ander te dien net soos Hy gedien het: Hy, ons Heer en Leermeester, het Sy kleed afgehaal, 'n handdoek om Sy middel toegedraai, water in 'n wasbak gegooi en gedoen wat gewoonlik destyds deur 'n dienskneg gedoen is: Hy het die voete van sy dissipels gewas. Hy stel 'n voorbeeld van 'n leier wat nie op 'n groot leuenstoel met 'n hoë rugleuning sit nie, maar wat neerkniel en Sy volgelinge dien.

Ons is boodskappers van die Goeie nuus van God se genade en vergifnis. Ons is nie belangriker as die Een wat die boodskap stuur nie. Ons is nie groter as ons Meester nie. Ons mag nooit vergeet dat ons op 'n missie gestuur is om 'n spesifieke taak te verrig nie - om Jesus aan alle nasies bekend te maak. Ons is boodskappers. Ons is sendelinge. God is die een wat ons stuur. Aan Hom alleen behoort die glorie en die eer! Ons moet nooit dink dat ons allerbelangrik is en bedien moet word nie - dat mense stoele vir ons moet uittrek en deure vir ons moet oopmaak nie. Ons moet eerder sê soos Johannes in **Johannes 3:30 (NLV):** "Hy (Jesus) moet in belangrikheid toeneem en ek moet afneem."

Al dink ons aan onsself as groot en sterk leiers, word ons aan die woorde van Jesus in **Matteus 20: 25-28 (NLV)** herinner: "Jesus roep hulle toe bymekaar en sê: "Julle weet in hierdie wêreld tiranniseer die maghebbers die nasies, en die magtiges domineer hulle. Maar onder julle moet dit heeltemal anders wees. Wie onder julle 'n leier wil wees, behoort julle dienskneg te wees. En wie die eerste onder julle wil wees, moet julle slaaf wees. Net so het Ek, die Seun van die Mens, nie gekom om gedien te word nie, maar om diens te lewer en boonop my lewe te gee as 'n losprys vir baie mense."

Die voorbeeld van Jesus dwing ons as Sy volgelinge om ander te dien: Om die mense te groet wat niemand raaksien nie, om daarna te streef om die standpunt en belewenis van mense wat in ander kulture en omstandighede as jyself leef, te verstaan en te erken. Hoe doen ons dit? Deur om te gee, deur uit te reik, deur ander mense raak te sien en hulle menswaardigheid te erken, deur te glimlag, te groet, en aan te raak, deur respek te betoon, deur met ander te gesels, deur jou eie storie te vertel en te luister na die lewensstorie van die mense om jou. Deur die lewe saam te leef. Vir soveel as wat julle hierdie dinge aan die geringste van mense, selfs aan kinders doen, het julle dit aan My gedoen, het Jesus gesê.

GEWORTEL IN CHRISTUS: DIE SORG & BESKERMING VAN ONS GEMEENSKAPPE

Past. Barend Petersen (Algemene Sekretaris &Voorsitter van die Uitvoerende Welsyn Raad van die AGS van SA} - barend@afm-ags.org

Om ander lief te hê en te dien is nie net 'n roeping nie, dit is 'n opdrag van God en is bedoel vir almal. Die hart van God word weerspieël in die Woorde van Jesus Christus in **Matteus 25: 34-36**: Dan sal die Koning vir dié aan sy regterkant sê: 'Kom, julle wat deur my Vader geseën is! Die koninkryk is van die skepping van die wêreld af vir julle voorberei. Neem dit as erfenis in besit, want Ek was honger, en julle het My iets gegee om te eet; Ek was dors, en julle het My iets gegee om te drink; Ek was 'n vreemdeling, en julle het My gehuisves; Ek was sonder klere, en julle het vir My klere gegee; siek, en julle het My verpleeg; in die tronk, en julle het My besoek."

"Om ander lief te hê en te dien is nie net 'n roeping nie, dit is 'n opdrag van God en is bedoel vir almal. "

Van die belangrikste sosio-ekonomiese uitdagings in Suid-Afrika is armoede, hoë werkloosheid en lae inkomste, misdaad, gesins verbrokkeling en swak onderwysstandaarde. Dit is ons missionale konteks waarin ons ons omgee-gees moet demonstreer en ons moet verbind tot aksies wat 'n verskil in die lewens van mense sal maak. Die Uitvoerende Welsynsraad van die AGS van SA, is die bediening waardeur die AGS reeds het en sal voortgaan om 'n verskil te maak in die lewens van kwesbare mense, veral kinders, vroue en ouer persone. Deur die KERK kan 'n omgee-gemeenskap verandering bring in die lewens van baie mense wat swaarkry. Sodanige gemeenskapsbetrokkenheid of ontwikkelingsaksies kan die seer "genees", die behoefte bevredig en vir baie mense 'n volhoubare bestaan meebring.

Watter rol speel jou gemeente in die aanspreek van hierdie belangrike probleme?

AFM GAME PLAN

Gemeenskapsbetrokkenheid is een van die drywers van die "One AFM Game Plan". Elke AGS Gemeente kan en moet betrokke raak by ontwikkelingsaksies wat verandering vir hul gemeenskappe sal bring; en sodoende die oorspronklike missionêre roeping van ons kerk vervul. Die AGS Welsynsdepartement het die praktiese programme om gemeentes te ondersteun met begrip, beplanning en implementering van maatskaplike ontwikkelingsaksies en -projekte. Ons help pastore en gemeentes om die belangrikste sosiale probleme in hul gemeenskappe te identifiseer en rus hulle toe om deel te wees van die oplossing.

"Gemeenskapsbetrokkenheid is een van die drywers van die "One AFM Game Plan".

GEWORTEL IN CHRISTUS: DIE SORG & BESKERMING VAN ONS GEMEENSKAPPE verv.

uManelisi is die program wat gemeentes bemagtig om op hierdie uitdagings te reageer. Ons werk met en deur gemeentes om die volgende dienste te lewer:

- **Gemeenskapsgebaseerde dienste** - ondersteuning van kwesbare kinders, gesinne, vroue, ouer persone en persone met gestremdhede.
- **Sosio-gesondheidsdienste** - bewusmaking deur onderwys en opleiding, ondersteuning van persone wat aan chroniese siektes soos VIGS en TB ly, sowel as diegene wat aan dwelms en ander middels verslaaf is.
- **Sosio-opvoedkundige dienste** - ondersteun gemeentes wat programme vir "Early Childhood Development" aanbied, geletterdheidsprogramme, skole asook bewusmaking in openbare skole.
- **Sosio-ekonomiese projekte** - met die oog op die ondersteuning van die regering se prioriteite rakende armoede, werkloosheid en ongelykheid deur projekte wat fokus op voedselsekerheid, maatskaplike verligting, werkskepping, vaardigheidsontwikkeling, vrouebemagtiging en jeugontwikkeling.

Die kerk is ideaal geplaas om verandering in die lewens van mense regoor Suid-Afrika teweeg te bring. Elke AGS Gemeente kan en moet betrokke raak by ontwikkelingsaksies wat verandering bring vir die mense in hulle gemeenskap. Kontak ons waarnemende uitvoerende hoof, Ashley Theron, vir duidelike leiding oor hoe om gemeenskapsbetrokkenheid prakties te implementeer as drywer van die "One AFM Game Plan".
Landlyn: Lizelle de Bruyn of Rebeca Kola - 012 753 7940/1
E-pos: afmwelf@rsn.co.za

SLOT

"Terwyl julle Christus Jesus, die Here, ontvang het, wandel in Hom, **gewortel en opgebou** in Hom en gevestig in die geloof soos julle geleer is, in oorvloed met danksegging."
KOLOSSENSE 2:6-7